# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 76 Nommer 15 19 April 2026

## Predikant

Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775



## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## SONDAG 19 APRIL – Dr De Wet Saaiman



**Skrifgedeeltes:** Lukas 24:13-35
**Teksverse:** Lukas 24:30-32
**Tema:** Opstandingstyd: Van gebroke hoop tot brandende harte!

Die Emmausverhaal wys hoe twee dissipels van Jesus met gebroke hoop en teleurstelling op pad is ná Sy kruisiging. Hulle verwagting dat Hy Israel sou verlos, het vir hulle doodgeloop. Jesus stap egter saam met hulle, al herken hulle Hom nie, en lei hulle deur die Skrif tot insig. Die Christelike hoop ontbreek wanneer mense sukkel om God se hand in lyding te sien en wanneer die hart traag word om te glo. Hoop word herstel wanneer Jesus deur sy Woord insig gee en gelowige harte aanraak. Ware hoop bestaan in die sekerheid van vergifnis, ewige lewe en die voortdurende teenwoordigheid van Christus wat ons lei tot brandende harte en 'n heerlike uitsig op die toekoms. In die Woordverkondiging let ons op:

1. WAAROM die Christelike hoop ontbreek;
2. HOE die Christelike hoop herstel word;
3. WAARIN die Christelike hoop bestaan.

## Bybelskool 19 APRIL – Dr De Wet Saaiman

**Tema:** Die Bybel - Geskrifte: Spreuke, Prediker en Hooglied

Spreuke, Prediker en Hooglied wys saam hoe om wys te leef voor God. Spreuke leer dat wysheid prakties is. Dit beteken om God te vrees en reg op te tree in elke deel van die lewe. Dit is nie net kennis nie, maar ’n leefwyse. Prediker wys dat nie alles in die lewe altyd sin maak nie, die lewe is kortstondig, onvoorspelbaar en soms onregverdig. Selfs wysheid, werk en rykdom gee nie volle sekerheid of betekenis nie. Tog leer dit ons om die eenvoudige gawes van God te geniet en Hom te vertrou. Hooglied vier die liefde as ’n kragtige, misterieuse en goddelike gawe wat nie gekoop of beheer kan word nie. Saam leer hierdie boeke dat ware wysheid lê in eerbied vir God, dankbaarheid en die regte hantering van liefde en die lewe.

## SONDAG 19 APRIL 2026

Kollektes word via SnapScan gedoen of by die deure na die diens.
Eerste sakkie is vir Barmhartigheid.
Tweede sakkie is na die oggenddiens vir die Emeritaatversorgingstrust en na die aanddiens vir die Kerkkas.

Die tweede kollekte Sondag 26 April is na die oggenddiens vir die Prop. Hulpfonds.

**09:00 Oggenddiens: Dr De Wet Saaiman**

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv Annerie Saaiman
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Lia Verhoef
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 6 – Oudl. Jaco van der Walt
- Diakonale Diensbeurt: Groep 4
- Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Miekie Jooste
- Katkisasie: les 10

**18:00 Bybelskool: Dr De Wet Saaiman**

## PROGRAM VIR DIE WEEK 20 TOT 26 APRIL 2026

**Woensdag 22 April**

09:00 Korrektiewe Dienst

**Donderdag 23 April**

10:00 Bybelstudie: Koningskindergroep
11:00 Bybelstudie: Mannagroep
15:00 Voedingsprojek; Groep A olv sr Nelia Booyens , Groep B olv sr Hettie Grové

**Vrydag 24 April**

09:00 Voedingsprojek; Groep A olv sr Nelia Booyens , Groep B olv sr Hettie Grové

## DIENSBEURTE SONDAG 26 APRIL 2026

- Geen Kleuterkerk tydens die oggenddiens nie agv die langnaweek
- Geen Kinderbediening tydens die oggenddiens nie agv die langnaweek
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 7 – Oudl. Jan-Louis Spoelstra
- Diakonale Diensbeurt: Groep 1
- Geen Tee/Koffie na die oggenddiens nie agv die langnaweek

## VAN HUIS TOT HUIS

**Gelukwense:**

**Baie geluk aan ons 70-Plussers wat verjaar:**

***14 April***

- Sr Yvonne de Swardt (071 481 0323) Wyk 2

**Baie geluk aan ons lidmate wat verjaar:**

***19 April***

- Sr Elsabe v Schalkwyk (082 780 9986) Wyk 16

***23 April***

- Sr Janie Steyn (083 297 7050) Wyk 34

***25 April***

- Sr Rina Aucamp (083 303 7843) Wyk 7

***26 April***

- Sr Jacqueline Venter (072 519 2055) Wyk 4

**Baie geluk aan die volgende egpare met die herdenking van hul huwelik:**

***24 April***

- Br Petrus en sr Miekie Jooste (084 401 2054) Wyk 7 met hul 35ste herdenking

***25 April***

- Br Pieter en sr Maryke Coetsee (082 822 0114) Wyk 6 met hul 17de herdenking

***26 April***

- Br Werner en sr Tanya v.d Berg (072 227 3026) Wyk 4 met hul 12de herdenking

**Lief en Leed**

- Ons doen voorbidding vir almal wat siek, bekommerd of hartseer is in hierdie tyd.
- Ons maak met leedwese bekend die afsterwe van sr Annemarie de Beer (Riekie) na ‘n lang siekbed. Mag die HERE vir Renier (Boeta) (072 318 1383) Wyk 26 vertroos en versterk in hierdie hartseer en beproewende tyd. Die troosdiens sal DV Donderdag 23 April 14:00 vanuit ons kerkgebou wees.
- Sr Ria Mulder (082 852 2558) Wyk 25 is nog in die Krugersdorp Privaathospitaal vir behandeling. Mag die HERE haar kragte versterk en genesing skenk.

## Baie dankie

- Baie dankie vir die pragtige blomme en ander bederfies wat u vir my gegee het met my verjaarsdag die afgelope week. Ek waardeer dit opreg dat u op hierdie manier aan my dink. Baie liefde. Hettie Grové

## Gelukwensing:

- Baie geluk en seënwense vir sr Kayleigh Coetzee (082 940 4820) Wyk 8 wat vanoggend belydenis van haar geloof in die gemeente aflê. Geluk aan sr Nerita en br Dewald (082 441 4165) en die res van die familie.

# KENNISGEWINGBORD

**Kollektes: 12 April 2026**

| | |
|---|---|
| R 2027.00 | Oggend: Barmhartigheid |
| R 1824.00 | Oggend: Deure/ Tydskrifte |
| R 130.00 | Aand: Barmhartigheid |
| R 70.00 | Aand: Kerkkas |

**SnapScan: 12 April 2026**

| | |
|---|---|
| R 768.03 | Oggend: Barmhartigheid |
| R 226.04 | Oggend: Deure/ Tydskrifte |
| R 67.62 | Aand: Barmhartigheid |
| R 67.62 | Aand: Kerkkas |

## *Beroepenuus*

Beroepe ontvang

- Ds HJ (Herman) Coetzee van GK Empangeni na GK Middelburg, Oos-Kaap
- Ds JG (Jan) Ehlers van GK Meyerton na GK Witrivier

## *Gedagte vir die week*



Ek was verheug toe die geluid
weerklink het bo die ruimtes uit:
Kom, laat ons optrek hiervandaan,
om na die HEER se huis te gaan!
O heil'ge stad, gelukkige oord,
ons voete staan nou in jou poort!
Jerusalem, waar al die stamme
op Gods bevel hul feesdag hou,
Jerusalem is goed gebou
en glinster in die son se vlamme.
Psalm 122:1 (Totius-beryming)

## *Die titel bokant Jesus se kruis*

- **Johannes 19:19**: "*Pilatus het ook 'n opskrif geskrywe en dit aan die kruis gesit. Daar het geskrywe gestaan: 'Jesus van Nasaret, die Koning van die Jode.'*"

Op verskeie plekke in die Ou Testament is Jesus as die Messias al aangewys as die Koning van die Jode, van God se volk, van die kerk. Toe Pilatus vir Jesus vra of Hy die koning van Jode is, het Hy geantwoord: "*Dit is soos u sê*." (**Luk. 23:3**) Hy het toe – soos die gebruik daardie tyd was – die aanklag teen Jesus bo-aan sy kruis laat aanbring: "*Jesus van Nasaret, die Koning van die Jode.*" (**Joh. 19:19**) Pilatus het dit eintlik bedoel as 'n vernedering vir Jesus en die Jode.

As die Joodse leiers vra Pilatus moet dit verander na: "***Hy het gesê****: Ek is die Koning van die Jode*." (want hulle sê Hy "beweer" dat Hy 'n Koning is) – dan hou Pilatus voet by stuk: "*Wat ek geskrywe het, het ek geskrywe.*" (**Joh. 19:22**) Die merkwaardige van hierdie woorde van Pilatus is dat dit in die Grieks in só 'n vorm geskryf is dat dit soveel beteken as: *Dit wat ek daar geskryf het, staan onherroeplik vas*. Dat Christus Koning is, geld nóú – en dit geld vir alle tye wat kom. Niks en niemand kan Christus daarvan beroof om Koning te wees nie. Waarskynlik het Pilatus nie eers besef dat wat hy gesê het, só vas staan nie.

Jesus wou nooit 'n wêreldse Koning wees nie – soos die Jode beweer. Nee, Hy het juis uitdruklik in **Johannes 18:36** gesê: "*My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie*."

Pilatus weet dat Jesus die *Koning* van die Jode is – Jesus het tog Self gesê Hy **ís** die Koning van die Jode. Maar Pilatus erken Hom nie as die *Messias* – Wie Hy werklik is – nie. Vir Pilatus is Jesus die Koning van 'n beteuterde klompie mense wie se Koning aan die kruis sterf. Só ellendig is hulle. Só nietig is hulle en hulle Koning in die oë van die magtige Romeinse Ryk. Die Jode het Pilatus se arm gedraai om 'n onskuldige skuldig te verklaar. Hulle het hom 'n uitspraak teen sy sin, teen sy bevinding, teen sy beter wete in laat maak. En nou is dit asof hy so 'n laaste finale hou op hulle inkry: Ek *kruisig* julle Koning. Hier skryf ek dit – vir almal om te sien en te lees. So *lyk* julle Koning. So ellendig as wat julle Koning is, so ellendig is julle. Die hele wêreld moet dit lees: Jesus is 'n mislukking van 'n heerser oor 'n patetiese groepie mense. Pilatus beledig die Jode met hierdie opskrif.

Hierdie gedeelte staan in die Bybel opgeteken om vir ons iets van God, iets van Christus te sê. Die Here sê vir ons *hoe* Christus is, *Wie* Christus is, *hoedanig* die Messias is.

Wat het Jesus Self die hele tyd hier ervaar? Daar is net een woord: *Vernedering*! Jesus aan die kruis is – menslik gesproke – die speelbal vir die onderonsie tussen Pilatus en die priesters, tussen die Romeinse ryk en die Jode.

En dít terwyl hulle Hom nie een erken vir Wie Hy werklik is nie.

- Jesus *ís* die Koning van die Jode, die Koning van die volk van God, die Koning van sy Koninkryk. Maar die Jode het gefaal daarin om langer volk van God te wees. Hulle verwerp Jesus as die Messias.
- Pilatus, die Romeinse owerheid – vir hulle is Jesus slegs maar die Koning van ‘n klein, niksseggende groepie mense: die Jode. En dít terwyl Hy die Koning is van die Koninkryk van God.

Wat ‘n vernedering: Die Koning van alle konings, wat alle mag in die hemel en op die aarde het – dit is asof die Satan nog ‘n laaste hou probeer inkry om Jesus te verkleineer, om die saad van die vrou in die hakskeen te probeer byt. Maar ook hierdie vernedering het Christus aan die kruis *in ons plek* verduur en gely – juis om ons daarvan te verlos.

Wat eweneens betekenisvol in verband met hierdie *titel* is – dit is wat daar letterlik staan – is dat Pilatus dit in drie tale laat aanbring het. ***Hebreeus* – die taal van die Jode. ***Grieks* – die spreektaal van die bekende toenmalige wêreld. ***Latyn* – die regstaal van die Romeine. Pilatus maak die Koningskap van Christus dus internasionaal bekend. Christus <u>*ís*</u> ‘n universele Koning. Niemand tóé, en niemand vandag sal kan sê: Ek het nie geweet Jesus is ‘n Koning nie – **die Koning wat oor alle konings heers, **die Koning van die ganse wêreld – oor alle tye. **Hy is ook Koning oor die natuur, oor sy skepping.

Pilatus het dit nie só verstaan dat Jesus die Koning oor alles is nie, maar hy het dit wél daar laat vasspyker as die klag teen Jesus. Maar in die tussentyd het God hierdie skuinshou van Pilatus na die Jode toe gebruik om Christus te *verheerlik*.

Wat eweneens merkwaardig is, is dat God ‘n klipharde heiden in sy diens gebruik om sy eer uit te basuin – die wêreld in, in drie tale, in al die tale wat in daardie tyd nodig was om iets internasionaal bekend te maak. Pilatus besef dit nie eers nie, maar Hy is ‘n instrument in God se hand – om God se *almag* en *soewereiniteit* en *reddingsplan* die wêreld in te dra.
Om aan ‘n kruis te hang, kaal, in die openbaar, van God verlate, aan die hout wat deur God vervloek is – en bowendien ook nog onskuldig, Hy hang daar as gevolg van vals aanklagte – Hy hang daar só naak, en in skande soos ‘n sondaar voor God: Dit alles spel met groot vet letters uit: *Vernedering*! En tog – ja, en tog: Hy hang daar in ‘n staat van die *allergrootste verhoging* – as die son van geregtigheid – blink, sodat almal kan sien: Hy is Koning – oor die konings. En dít – dat Hy ‘n Koning is – moes selfs die heiden Pilatus erken.

“*Wat ek geskrywe het, het ek geskrywe*.” Erken dit alle volke! Tot in ewigheid! Jesus beklee ‘n Koningskap wat niks en niemand van Hom af kan wegneem nie – nie eers die dood aan die kruis nie! Hy het na drie dae opgestaan uit die dood! – André Grové

## *Die Voedingsprojek*

Ons wil graag vir die susters van Gereformeerde Kerk Krugersdorp-Wes, hartlik verwelkom by ons voedingsprojek. Die susters onder leiding van Thesca van Tonder gaan van hierdie kwartaal af deel wees van ons spanne wat broodjies voorberei vir Laerskool Ebenhaeser en Hoërskool Nic Diedericks.

Krugersdorp-Wes se susters het aangebied om met hulle beurt die brood, margarien en plastieksakkies self by te dra. Ons gemeente sal steeds die koue vleis voorsien sodat die broodjies deurlopend op dieselfde manier aangebied word.

Namens al die dames van Krugersdorp Gemeente se voedingsprojek, hartlik welkom en baie dankie vir julle diensbaarheid en bereidwilligheid. Ons is baie dankbaar om saam met julle kragte in te span vir hierdie mooi projek.

Die syfers waarmee ons tans werk is as volg:
14 Brode vir Laerskool Ebenhaeser = 126 toebroodjies
7 Brode vir Hoërskool Nic Diedericks = 63 toebroodjies
4 Brode vir Laerskool Millenium = 36 toebroodjies
Hoe kan u betrokke raak by ons voedingsprojek:

1. Die projek kan net gebeur en voortgaan met die nodige fondse. Enige finansiële bydra sal altyd baie waardeer word. U kan elektronies in die kerk se bank inbetaal of in `n koevert by die kerkdeure, duidelik gemerk: Voedingsprojek.
2. Enige skenkings is ook baie welkom. Indien u dalk margarien of plastieksakkies wil skenk sal dit hoog op prys gestel word.
3. Ons wil asb vir u voorbidding vra. Wanneer u vir ons gemeente bid dink ook asb aan hierdie projek. Dit kan net suksesvol wees met die Here se guns en seën sodat dit tot uitbreiding van Sy Koninkryk kan wees.

Vriendelike groete Marisa vd Walt (0847654242)
Bankbesonderhede:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Voedingsprojek

## *Bankbesonderhede*

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar Proeflesers*

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (066 0022 991); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).

## *PREEKPROGRAM – TWEEDE KWARTAAL 2026*

**19 April (Belydenisaflegging)**

Oggend: Dr De Wet – Opstandingstyd – Die pad na Emmaus – Ontmoet die opgestane Christus! Lukas 24:13-35 (T = Lukas 24:30-32).

Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – Geskrifte – Spreuke, Prediker en Hooglied

**26 April (Langnaweek) (Geen aanddiens) (Gemeentekamp)**

Oggend: Prof Herrie van Rooy

Oggend: Kamp – Dr De Wet – Die geblêr van kleinvee in God se ore! – 1 Samuel 15 (T = 1 Samuel 15:22).

**3 Mei (Geen aanddiens)(Langnaweek)**

Oggend: ds Jannie van der Schyff - Opstandingstyd – Om die krag van Christus se opstanding te ervaar – Filippense 3:1-16 (T = Filippense 3:10)

**10 Mei**

Oggend: Dr De Wet – Opstandingstyd – Die geloofsbelydenis van Thomas – Lukas 24:36; Johannes 20:24-31 (T = Joh. 20:27-30).

Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – Geskrifte – Jesaja

**14 Mei (Hemelvaart)**

Aand: Dr De Wet – Hemelvaart – Hemelvaart is die oorwinning van Jesus Christus! Psalm 68 (T = Ps. 68:18-19).

**17 Mei**

Oggend: Dr De Wet -Opstandingstyd – God verlos ons van tyd en gee aan ons die ewigheid1 Prediker 3 (T = Pred. 3:11).

Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – Profete – Jeremia en Klaagliedere

**24 Mei (Voorbereiding)(Pinkster)**

Oggend: Dr De Wet – Pinkster - God gee lewe deur Sy Woord en Gees! Esegiël 37:1-14 (Eseg. 37:12, 13).

Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – Profete – Esegiël en Daniël

**31 Mei (Nagmaal en Nabetragting - Feesnaweek)**

Oggend: Dr De Wet - In God se teenwoordigheid lê daar vir ons 'n nuwe en blywende toekoms! Esegiël 42:1-43:12 (T = Eseg. 43:4-5, 7).

Oggend: Dr De Wet – Vervul met die Heilige Gees word ons gelei tot dankbaarheid! Levitikus 23:15-22 (T = Hand. 2:1).

**7 Junie**

Oggend Prof Herrie van Rooy

Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Hosea, Joël. Amos, Obadja

**14 Junie**

Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees: God se antwoord vir 'n verlore wêreld! Joël 2 (T = Joël 2:28, 29).

Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Jona, Miga Nahum, Habakuk

**21 Junie**

Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die uitstorting van die Heilige Gees – Die oorsprong en doel van Pinkster! Handelinge 2:1-13 (T = Hand. 2:1-4).

Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Sefanja, Haggai, Sagaria, Maleagi

**SKOLE SLUIT (26 JUNIE)**

**28 Junie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)**

Oggend: ds Jannie van der Schyff - Pinkstertyd – Ag, was almal maar vol van die Gees! – Numeri 11:4-35 (T = Numeri 11:29)

**5 Julie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)**

Oggend: Besoekende/Ander predikant

**12 Julie (Geen aanddiens)**

Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees lei ons in die volle waarheid! Johannes 16:5-15 (T = Joh. 16:13).

**19 Julie (Geen aanddiens)**

Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees sug saam met jou en bid vir jou! Romeine 8:18-27 (T = Rom. 8:26, 27).

**SKOLE OPEN (22 JULIE)**